Hoofstuk 3

Die ontstaan en belang van Calvyn se eerste drie publikasies

Wim A. Dreyer
Department of Church History and Church Polity
Faculty of Theology
University of Pretoria
South Africa

Research Project Details
Project Leader: W.A. Dreyer
Project Number: 77370920
Project Description: This research is part of the research project, 'History of Reformed theology and theologians', directed by Dr W. Dreyer, Department of Church History and Church Polity, Faculty of Theology, University of Pretoria.

Inleiding

Die twee belangrikste leiersfigure van die Kerkhervorming gedurende 16de eeu was Martin Luther en Johannes Calvyn. Met die 500-jarige herdenking van die Kerkhervorming in gedagte gee hierdie bydrae aandag aan Calvyn se drie vroegste publikasies, te wete sy *Kommentaar op Seneca se De Clementia*, die *Psychopannychia* en die eerste uitgawe van sy *Institutio Christianae Religionis.* Die eerste van die drie publikasies het in 1532 verskyn en die laaste in 1536.

How to cite: Dreyer, W.A., 2017, 'Die ontstaan en belang van Calvyn se eerste drie publikasies', in 'Nadenke oor 500 jaar se Reformatoriese teologie', *HTS Theological Studies/ Teologiese Studies*, suppl. 11, 73(5), a4564. https://doi.org/10.4102/hts.v73i5.4564

Oor 'n periode van vier jaar het Calvyn drie omvangryke werke die lig laat sien. Dit het verskyn voordat hy in 1536 met sy dienswerk in Genève begin het. Calvyn was dus nog betreklik jonk (23 jaar) toe die eerste van sy vroeë publikasies verskyn het. Met dié publikasies het Calvyn as jong geleerde die waters van die akademiese wêreld getoets, nog onseker van sy eie vermoëns en hoe sy publikasies deur die leserspubliek ontvang sou word (Millet 2011:84). Tegelykertyd het hy genoeg selfvertroue gehad om sy persoonlike idees en teologiese insigte in die publieke ruimte bekend te stel.

In hierdie bydrae word aangetoon dat Calvyn se eerste publikasies 'n belangrike deel van sy teologie uitmaak. Calvyn het reeds aan die begin van sy teologiese ontwikkeling bepaalde standpunte geformuleer wat hy later weer herhaal het. Die volwassenheid van Calvyn se teologie in hierdie publikasies is merkwaardig, veral as mens in gedagte hou hoe jonk hy was toe dit geskryf het.

Calvyn as student

Die oorgang van die Roomse leer na die teologiese beginsels wat Luther geformuleer het, was vir die meeste mense 'n stadige proses. In Calvyn se geval het dié oorgang stelselmatig plaasgevind. Daar was verskillende gebeure en persone wat Calvyn gedurende sy studentejare beïnvloed het. Oor 'n periode van 10 jaar het dit daartoe gelei dat hy (waarskynlik in 1533) die Roomse leer verwerp en 'n eie rigting ingeslaan het. Bogenoemde kan met twee voorbeelde geïllustreer word:

- Calvyn is in Augustus 1523, op 14-jarige ouderdom, na Parys om daar te studeer. Hy het by sy oom Richard ingewoon, naby die kerk van St. Germain l'Auxerrois (Dankbaar 1957:3). In dieselfde maand, nie ver van waar hy gebly het nie, is die Augustynse monnik Jean Vallière op die brandstapel verbrand omdat hy die rewolusionêre idees van die ketterse *Luthériennes* versprei het (Balke 1977:15). Luther se werk was toe reeds in Parys bekend en die Fakulteit Teologie het daardie jaar meer as 100 keer vergader, in pleks van die normale 30 vergaderings per jaar. Die rede hiervoor was die beroering wat Luther se teologie veroorsaak het. Luther het entoesiastiese ondersteuning van teologiese studente, priesters en gewone mense gekry (McGrath 2007:47–48). 'n Mens wonder of die teregstelling van Vallière die jong Calvyn bewus gemaak het van die hervormingsbeweging wat besig was om deur Europa te versprei.
- Calvyn is onder andere deur Maturin Cordier bewus gemaak van Luther se denke. Cordier het reeds vroeg tot die Lutherse beweging aangetrokke gevoel. Calvyn het die hoogste waardering en respek vir Cordier gehad. Cordier, as briljante Latinis, het hom geleer om sy denke in perfekte en welsprekende Latyn te artikuleer. Calvyn skryf in die voorwoord van sy *Kommentaar op 1 Tessalonisense* (OC 21 Col. 349)[82] oor sy

82.OC staan vir '*Opera Calvini*'. In hierdie bydrae word die afkorting deurgaans gebruik om na Calvyn se versamelde werke te verwys, te wete, *Joannis Calvini opera quae supersunt omnia*, ed.

> leermeester se geloof, voorbeeldige lewe en sy vaardigheid as onderwyser en Latinis. Hy beskryf sy eie 'gebrekkige' kennis van Latyn en loof Cordier daarvoor dat hy hom in die fynere nuanses van die taal ingelei het. Calvyn gee onomwonde erkenning aan die groot invloed wat Cordier op hom uitgeoefen het (Cottret 2000:15–17).

Calvyn is in 1528 na Orlèans om sy studies in regte voort te sit. In Orlèans het hy onder Pierre de l'Estoile studeer, wat 'n blywende indruk op sy verstaan van reg en geregtigheid gelaat het. Calvyn het groot respek vir die integriteit en kennis van sy professor gehad (Wendel 1978:23). In Orlèans het Calvyn ook die geleentheid gebruik om onder Melchior Wolmar sy kennis van Grieks te verbeter. Deur die loop van 1529 het Calvyn na Bourges verskuif. Die Universiteit van Bourges is in 1463 deur koning Louis XI geopen (Wendel 1978:24) met die uitgesproke doel om die rasionele gronde van die *ius majestatis* te ondersoek en te bevorder. Ten spyte daarvan het Calvyn negatief gestaan teenoor die absolute mag van die koning, soos duidelik blyk uit sy *Kommentaar op Seneca se De Clementia.* [83]

Calvyn se vroeë werke vertoon sy verbasende kennis van tale, regsbeginsels, die vroeë kerkvaders (veral Augustinus) asook Luther se denke. Dit was die resultaat van intensiewe studiewerk in Parys, Bourges en Orleans asook die invloed van sommige van sy leermeesters wat met instemming van Luther se teologie kennis geneem het.

Calvyn se kommentaar op Seneca se *De Clementia*

Calvyn se opleiding as regsgeleerde het 'n bepalende invloed gehad op sy denke. Dit is in sy eerste publikasies duidelik sigbaar. Sy vermoë om presies te formuleer en materiaal ordelik te struktureer is 'n sprekende bewys daarvan. McGrath (2007:59) is van mening dat '*the origens* [*sic*] *of Calvin's methods as perhaps the greatest biblical commentator of his age lie in his study of law in the advanced atmosphere of Orléans and Bourges.*'

Nadat Calvyn sy studies in Bourges voltooi het, besluit hy om na Parys terug te gaan omdat koning Frans I pas die *College de France* geopen het en Erasmus van Rotterdam uitgenooi om die rektor daarvan te word. Erasmus kon vanweë swak gesondheid nie die aanbod aanvaar nie (Wendel 1978:26). Calvyn het in die *College de France* onder Pierre

(footnote 82 continues...)

G. Baum, E. Cunitz & E. Reuss, C.A. Schwetsschke et Filium, Brunsvigae, Verwysings word nie volgens bladsy gedoen nie, maar volgens die kolom waarin die aanhaling verskyn.

83.OC V/1. Calvin [1532] 1866, '*L. Annei Senecae Romani Senatoris ac Philosophi Clarissimi, Libro duo De Clementia, ad Neronem Caesarem: Io. Calvini Noviodunaei Commentariis Illustrati*', in G. Baum, E. Cunitz, & E. Reuss (eds.), *Ioannis Calvini opera quae supersunt omnia*, vol. V, pp. 1–162, Brunsvigae, C.A. Schwetsschke et Filium. Hierna sal soos gebruiklik daarna verwys word as '*De Clementia*'.

Danès sy studies in klassieke tale voortgesit. Dit het Latyn, Grieks en Hebreeus ingesluit. Terselfdertyd het hy hom verdiep in die geskrifte van die kerkvaders. Hy het onder andere Augustinus se *De Civitate Dei* deurgewerk.

Calvyn het sy werk aan die *De Clementia* gedurende sy verblyf in Parys voltooi en dit is in 1532, gepubliseer. Calvyn was toe pas 23 jaar oud. Hy het die *De Clementia* voltooi voordat hy die Rooms-Katolieke Kerk verlaat het, en is dus nie 'Reformatoriese teologie' nie. In hierdie geskrif leer ons Calvyn as 'n jong Franse regsgeleerde ken met 'n passie vir reg en geregtigheid (Allen 1961:49). Tog het die beginsels wat Calvyn in hierdie eerste publikasie geformuleer het weer in sy latere teologiese werke na vore gekom (sien Backus 2003), veral in sy verstaan van natuurreg. Dit het ook sy etiek grondig beïnvloed.

Maar waarom het Calvyn besluit om juis Seneca se *De Clementia* te gebruik as toetrede tot die akademiese gesprek van sy tyd? Hugo noem in sy monumentale werk oor Calvyn se *De Clementia* (sien Hugo 1957:80–115) verskeie moontlikhede, onder andere dat Calvyn as akademikus sy intellektuele vermoëns ten toon wou stel. Voorstanders van dié teorie meen dat Calvyn met sy publikasie Erasmus van Rotterdam se negatiewe houding teenoor Seneca wou uitdaag en juis só sy eie statuur as akademikus wou bevestig. Erasmus het in 1529 in Basel 'n versameling van Seneca se versamelde werke met kommentaar uitgegee (Hugo 1957:113). Volgens hierdie teorie sou ons hier iets van die ydelheid van 'n jong akademikus bemerk wat nie skroom om 'n beroemde geleerde en intellektuele reus van sy tyd aan te vat nie.

Hugo self huldig 'n ander mening. Hugo (1957:103) verwys na 'n brief wat Calvyn op 22 April 1532 aan sy vriend Daniel gestuur het waarin hy die hoop uitspreek dat sy publikasie diensbaar sal wees aan die openbare belang en algemene welsyn (*quod publico etiam bono forte cessurum sit*). Hugo is van mening dat die brief nie na Frans I se vervolging van die Franse Hervormers verwys nie. Dit moet eerder verstáán word as 'n verwysing na die welsyn van die Franse volk, wat op daardie stadium in moeilike omstandighede geleef het. Tog was sy bespreking van reg en geregtigheid asook die verantwoordelikheid van die owerheid om met menslikheid en tot voordeel van die onderdane te regeer relevant in 'n konteks van vervolging en onderdrukking (Van Eck 1992:11–12). Blacketer (2009:181) kom tot die gevolgtrekking dat Calvyn reeds as jong akademikus diep bewus was van sosiopolitieke kwessies en daarom kan *De Clementia* nie afgemaak word as die ydele poging van 'n jong akademikus wat net sy eie vermoëns ten toon wou stel nie.

Hugo (1957:115) is van mening dat Calvyn homself aangetrokke gevoel het tot Seneca se verstaan van geregtigheid en menslikheid. Seneca se beskrywing van die juridiese verhouding wat tussen 'n owerheid en onderdane bestaan, het Calvyn se denke gevorm en hom gehelp om tot groter insig te kom van die radikale sosiopolitieke transformasie wat op daardie tydstip in Europa aan die gang was. Dit het Calvyn bemagtig om op 'n verantwoordelike wyse, gebou op fundamentele regsbeginsels en Christelike waardes, te

reflekteer oor die politieke uitdagings van sy tyd. Dit is opmerklik hoe hy die beginsels van *iustitia, clementia* en *humanitas* ontwikkel en toepas. Hy sou vir die res van sy lewe homself beywer vir geregtigheid en menslikheid.

Calvyn se verstaan van *humanitas* en *clementia* kan met een voorbeeld geïllustreer word: In sy *De Clementia* (OC V/I Col. 41)[84] stem Calvyn met Vopiscus saam dat *clementia* die belangrikste deug is, 'n teken van ware menslikheid (*humanitas*). Om waarlik mens te wees impliseer 'n deugdelike lewe, 'n lewe met integriteit waarvan medemenslikheid, barmhartigheid en genade deel is. Calvyn is van mening dat die mens waarlik mens is wanneer hy met redelikheid, maar ook met empatie teenoor die medemens optree. Dit geld vir die regter wat moet regspreek of vir die owerheid wat met menslikheid moet regeer. Rede en emosie sluit mekaar nie uit nie, inteendeel, dit is juis wat ons menslikheid definieer. Menslikheid (*humanitas*) beteken dat mense met sagmoedigheid, regverdigheid en barmhartigheid behandel moet word (Van Eck 1992:7).

Talle voorbeelde kan genoem word waar Calvyn die gedagtes wat hy in sy *De Clementia* weer later gebruik en verder ontwikkel (sien Backus 2003:15–24). In sy *De Clementia* ontwikkel Calvyn gedagtes oor geregtigheid (*aequitas*), die hoogste gesag (*summum ius*), die mens as sosiale wese, die drievoudige gebruik van die wet, die verhouding tussen gesinslede asook die gesag van konings en magistrate. Dit kom weer in verskillende variante in verskillende van Calvyn se latere publikasies na vore, veral in sy *Institusie.* Een voorbeeld (Backus 2003):

> In a similar fashion, Seneca is seen to serve as a point of departure for Calvin's account of the Christian state in *Institutes* 4.20.14. In *De clementia* 1.22, Seneca asserts that the prince or any head of state should keep in view the three aims of punishment (reform of criminals, example to others, protection of society) when cases of wrongs done to his citizens are put before him. (bl. 24)

Dit is duidelik dat Calvyn se *De Clementia* nie van sy latere teologiese werke losgemaak kan word nie. Inteendeel – dit vorm in baie gevalle die basis waarop hy in latere publikasies bou.

Calvyn het dit nie as 'reformatoriese teoloog' geskryf nie en tog was en is sy *De Clementia* van groot teologiese belang, veral in terme van die Christelike etiek en staatsbeskouing. Sy *De Clementia* toon duidelik dat Calvyn diep bewus van die sosiopolitieke problematiek van sy tyd was.

84.OC V/I Col. 41: '*Bene cohaeret orationis filum. In praecedentibus sic clementiam hominum naturae convenire disserebat, ut hominem non esse contenderet, qui non simul clementi esset ingenio, atque ad mansuetudinem propenso. Est enim clementia vere humanitas: cuius participem esse, nihil aliud est, quam esse hominem. Nunc quod propius est scopo, addit esse virtutem heroicam, sine qua imperare principes non possint: sicut Vopiscus ait, primam esse rerum dotem.*'

Die *Psychopannychia*

Calvyn het as student met Nicolas Cop bevriend geraak. Cop was 'n seun van die persoonlike lyfarts van Frans I, die koning van Frankryk. Cop het aan die Franse hof opgegroei en was baie goed bevriend met die koning se suster, Marguerite de Navarre. Dit is moontlik dat Calvyn Frans I persoonlik geken het en daarom die vrymoedigheid gehad het om die voorwoord van sy *Institusie* aan hom te rig.

Op 01 November 1533 het Nicolas Cop sy intreerede as rektor van die Universiteit gelewer. Dit het gehandel oor Jesus se Bergrede (Matt 5–7). Hoewel daar aspekte van Luther se teologie in sy intreerede na vore gekom het (onder andere *sola fide* en die noodsaak van Kerkhervorming) was dit in werklikheid gematig met Roomse ondertone (McGrath 2007:65). Cop het in sy rede gebruik gemaak van Erasmus se *Paraclesis*, terwyl Erasmus juis aanvaarbaar was in Roomse kringe. Ten spyte daarvan het Cop se rede gesorg vir 'n groot opskudding en ontsteltenis. Die vermoede het ontstaan dat die nuwe rektor van die universiteit Lutherse sentimente het. Party het hom openlik beskuldig dat hy 'n ketter is.

Calvyn was sonder twyfel vertroud met die inhoud van Cop se intreerede. Twee oorspronklike manuskripte van die rede bestaan nog. Die een, hoewel onvolledig, is in die handskrif van Calvyn (McGrath 2007:65). Of hy help skryf het daaraan of net neergeskryf het wat Cop gedikteer het, is al dikwels bespreek. Cop is opgeroep om homself te verantwoord. Op advies het hy besluit om eerder Parys te verlaat. Binne twee weke is Cop uit sy amp ontslaan en vervang met Andreas de Gouveia van Portugal. Meer as 50 van Cop se ondersteuners is gearresteer en vervolg. Calvyn het ook besluit om Parys te verlaat.

Van Parys is Calvyn na Angoulême waar hy die geleentheid gebruik het om in sy ou vriend Louis du Tillet se biblioteek navorsing te doen (Cottret 2000:65; Dankbaar 1957:2528; Wendel 1978:42). Hy het in hierdie tyd van vals name gebruik gemaak wat daarop dui dat hy homself probeer beskerm het teen moontlike arrestasie en vervolging. Op daardie stadium was Du Tillet nog simpatiek gesind teenoor die hervormingsbeweging. Die vriendskap het later gespanne geraak omdat Du Tillet nie met die Roomse geloof wou breek nie.

Het Calvyn tydens sy verblyf in Angoulême die oorgang gemaak na die Kerkhervorming? Daar is redelike eenstemmigheid dat dit tussen 1533 en 1534 gebeur het. Wat het dit vir Calvyn beteken om na die Kerkhervorming oor te gaan? Vir Calvyn was dit die gevolg van grondige bekering, gehoorsaamheid aan Christus en die oortuiging dat God hom geroep het om in sy diens te staan (McGrath 2007:71).

Calvyn se 'bekering' is al dikwels bespreek en nagevors (vir 'n oorsig sien Lee 2004: 103–104). Daar is slegs enkele tekste wat ons tot 'n beperkte mate insig gee in Calvyn se

persoonlike geloofslewe en hoe hy sy eie geloof en bekering verstaan het. Die bekendste teks waar Calvyn oor sy bekering skryf, is die voorwoord van sy *Kommentaar op die Psalms*[85], daar skryf hy soos volg oor sy eie bekering wat vrylik soos volg in Afrikaans vertaal kan word:

> God, deur 'n bekering van bo, het my verstand aan Hom onderwerp en gelei tot leerbaarheid, wat verhard was ten spyte van my jeugdige ouderdom. Daardeur het ek 'n voorsmaak gekry van kennis en ware godsvrug. Ek is verteer deur die begeerte na meer kennis, gevolglik het ek my ander studies verwaarloos. (n.p.)

Calvyn gee in hierdie teks 'n baie spesifieke inhoud aan sy eie bekering, naamlik 'n 'bekering tot leerbaarheid'. Om 'n Christen te wees, beteken om te luister, om te onderskei wat God se wil is, om met jou oor naby die mond van die Here Jesus te leef. Bekering beteken dat jy Jesus Christus as leermeester het, na sy woorde luister en daarvolgens leef. Bekering impliseer dissipelskap, 'n leergierigheid. Luister, leer en doen lei tot ware lewe. Bekering het vir Calvyn ook beteken om homself van die Roomse leer en gebruik weg te keer. Die gevolg van sy bekering was die oorgang na die hervormingsbeweging. Na sy bekering en openlike oorgang na die Kerkhervorming, het Calvyn al sy aandag aan teologiese studie gegee (Wendel 1978:46–47). Hy het hom in die geskrifte van Luther, Melanchthon, Bucer en die kerkvaders ingegrawe. Hy begin om met Bullinger, Viret, Capito, en Bucer te korrespondeer. Reeds in sy eerste briewe was sy teologiese standpunte helder, op die man af en gesagvol.

Deur die loop van 1534, tydens Calvyn se verblyf in Angoulême, het hy aan die *Psychopannichia* [Slaap van die siel][86] gewerk wat handel oor die lewe na die dood (Tavard 2000:1). Calvyn vermeld dat hy dit op aandrang van vriende geskryf het (OC V/II Col. 169–170). In sy voorwoord[87] stel hy dit onomwonde dat hy nie gedink het dat dit nodig is om enige aandag te gee aan die gedagte dat die siel aan die slaap raak wanneer iemand

85.OC XXXI/1: Sien vertaling in Calvin, J., [1557] 1845, *Commentary on the Book of Psalms*, vol. 1, transl. J. Anderson, viewed 10 June 2016, from http://www.ccel.org/ccel/calvin/calcom08.titlepage.html

86.OC V/II: Calvin, J., [1534] 1866, '*Vivere apud Christum non dormire animis sanctos qui in fide Christi decedunt, quae vulgo Psychopannychia dicitur*', in G. Baum, E. Cunitz & E. Reuss (eds.), *Joannis Calvini opera quae supersunt omnia*, vol. V, pp. 166–232, Brunsvigae, C.A. Schwetsschke et Filium.

87.OC V/II: '*Quum mecum pridem nonnulli pii viri agerent, et subinde etiam instarent ut publice aliquid ederem, ad eorum intemperiem compescendam, qui de animarum vel dormitione, vel interitu, imperite simul ac tumultuose hodie disputant: nullis tamen hactenus nec precibus, nec flagitationibus cesseram. Adeo mihi ab omni contentionis génère abhorrebat animus. Et erat tum sane quod excusarem: partim, quia sperabam fore ut ineptum istud dogma statim, nullo subscriptore, evanesceret: aut certe inter pauculos nugatores delitesceret: partim, quod mihi minime expeditum erat cum iis manum conserere, qui starent ab adversis partibus: quorum nec castra, nec tela, nec subterfugia noveram.*'

sterf nie, want die idee is so belaglik dat hy van mening is dat dit vanself sou verdwyn. Verbasend genoeg het die 'babbelbekke' (*blaterones*) nie verdwyn nie maar van krag tot krag gegaan. Die woord wat Calvyn hier so spottend gebruik het gewoonlik verwys na diere wat vreemde geluide maak of voëls wat onophoudelik snater.

Calvyn het die eerste weergawe volledig verwerk tydens sy verblyf in Basel (1535–1536). Dit was betreklik kort, in Latyn geskryf en om verskeie redes is dit nie onmiddellik gepubliseer nie maar eers in 1542 in Straatsburg. 'n Tweede uitgawe het in 1545 in Genève verskyn. Al wat van die oorspronklike weergawe oorgebly het is die voorwoord wat Calvyn in 1534 geskryf het. Reeds in hierdie eerste teologiese werk van Calvyn blyk sy teenkanting teen die anabaptiste en hulle vreemde geloofsoortuigings asook die Roomse leer oor die vagevuur (Cottret 2000:78; Ganoczy 1966:74–78; Tavard 2000:4). Sommige van die anabaptiste het die oortuiging gehad dat die siel na die liggaamlike dood net slaap. Dit was ook 'n gedagte wat onder sommige van die geleerde mense van die tyd posgevat het. In die humanisme van die 16de eeu was die onsterflikheid van die siel 'n gewilde onderwerp van bespreking. In teenstelling met die filosofiese diskoers van sy tyd poog Calvyn om in sy *Psychopannychia* 'n Skriftuurlike uiteensetting van die lewe na die dood te gee (Tavard 2000:2).

In hierdie eerste van verskeie polemiese werke is die toon deurlopend krities en met sy vlymskerp intellek het Calvyn die wat in die slaap van die siel geglo het, bespotlik voorgestel. Hierdie vermoë van Calvyn om opponente se standpunte tot stof te vernietig het tot aan die einde van sy lewe by hom gebly en hom in baie kringe uiters ongewild gemaak (Cottret 2000:78). 'n Mens moet egter die konteks verstaan: Calvyn was deurlopend bewus van die moontlikheid dat die Kerkhervorming in ekstremisme sou verval. Daarom het hy somtyds buitengewoon skerp teenoor bepaalde standpunte gereageer.

In die *Psychopannychia* is dit duidelik dat Calvyn nie net worstel met die vraag of die siel saam met die liggaam sterf, na die dood slaap of met die dood die liggaam verlaat nie, maar dat hy ten diepste besef het dat dit om ons verstaan van tyd gaan. Wat is gister, en wat is vandag? Wat is ewigheid? Waar is die koninkryk van God wanneer breek dit aan en hoe gebeur dit dat die koninkryk van God in my bestaan? Dit is duidelik dat die jong Calvyn nog met fundamentele aspekte van die Christelike geloof geworstel het.

Tavard (2000:67–69) kom tot die gevolgtrekking dat Calvyn reeds baie vroeg 'n besondere verstaan van die ewige lewe gehad het. Die belangrikste hiervan is dat die gelowiges nou reeds deel het aan die ewige lewe. Hy spreek die versugting uit[88] (OC V/II Col. 194): 'As ons maar net, met die regte geloof, kon insien wat die koninkryk van God behels en dat dit reeds in die teenswoordige tyd in die gelowiges bestaan.' Die ewige lewe begin hier en nou vir die wat die evangelie van Jesus Christus aanhoor en dit glo. Die

88.OC V/II Col. 194: '*Utinam recta fide percipere possemus quale sit regnum Dei, quoti est intra fidèles, etiam dum hanc vitam vivunt. Nam simul facile esset intelligere, inchoatam vitam aeternam.*'

ewige lewe wat nou reeds bestaan word vir 'n oomblik onderbreek wanneer die persoon fisies sterf (*Si transitus factus est in vitam aeternam, cur eam morte interrumpunt?*). Die liggaamlike dood is en bly 'n misterie, iets wat die lewe van die gelowige vir 'n oomblik onderbreek.

In die verband gaan Calvyn in besonderhede in op die eksegese van Johannes 11:25–26 (OC V/II Col. 194 ev.) waar Jesus met die opwekking van Lasarus uit die dood sê: 'Wie in My glo sal in alle ewigheid nooit sterf nie.' Calvyn se argument is duidelik: Indien dit so is dat ons saam met Christus sterf en saam met Christus opstaan tot 'n nuwe lewe (Rom 6), dan het ons reeds met Christus een geword en as weergeborenes reeds deel aan die nuwe lewe. Die heerlike lewe saam met God is nie iets wat ver in die toekoms vir ons wag nie, maar het reeds in ons as gelowiges gerealiseer. Hieruit kan die gevolgtrekking gemaak word dat die siel nie sterf of slaap nie, maar in God leef. God gee lewe aan die siel soos die siel aan die liggaam lewe gee.

In hierdie tweede publikasie van Calvyn is sy eksegetiese vaardighede en teologiese insig weereens opmerklik. Alhoewel sy *Psychopannichia* nie baie aandag getrek het nie, is dit tog verdienstelik. Sy begrip van tyd en ewigheid en die duidelike besef dat die lewe saam met God nie eers na die dood begin nie maar nou reeds 'n werklikheid is, is fundamenteel belangrik en vandag nog net so relevant. Te veel mense meen dat die Christelike geloof gaan om 'eendag saam met God in die hemel te wees', terwyl Calvyn duidelik aantoon dat daardie vreugde, die gemeenskap met God, nou reeds bestaan.

Die eerste uitgawe van Calvyn se *Institusie*

Die derde boek waaraan Calvyn in hierdie vroeë periode gewerk het, was die eerste uitgawe van sy *Christianae Religionis Institutio*.[89] Calvyn het die *Institusie* in Latyn geskryf. Die eerste uitgawe het in 1536 in Basel verskyn. Van die 1536 uitgawe van die *Institusie* bestaan daar nog sowat 20 gedrukte kopieë (Simpson 1984: xii).

Die tweede verwerking van die *Institusie* het in Straatsburg verskyn, die eerste keer in 1539 en daarna in 1543 en 1545. Die Latynse teks is verskeie keer verwerk en uitgebrei tot die laaste uitgawe wat in 1559 in Genève verskyn het. In totaal het daar 14 weergawes in Latyn en Frans van die *Institusie* verskyn. Dit het oor 'n periode van 23 jaar van ongeveer 90 000 woorde tot sowat 390 000 woorde aangegroei. Die Latynse teks is verskeie keer in Frans vertaal, waartydens Calvyn kleiner veranderinge aangebring het om die betekenis van die teks beter na vore te bring (Simpson 1984:xi). Die laaste Franse uitgawe van die *Institusie* is deur Benoit versorg en het in 1561 in Genève verskyn.

89.OC I/I: Calvin, J., [1536] 1863, '*Christianae Religionis Institutio* etc.', in G. Baum, E. Cunitz, & E. Reuss (eds.), *Ioannis Calvini opera quae supersunt omnia*, volumen I, C.A. Schwetsschke et Filium, Brunsvigae.

Calvyn se doelstelling met die *Institusie* was pedagogies van aard, om die grondbeginsels van die Christelike geloof aan mense oor te dra. Die woord '*Institutio*' beteken 'onderrig' (kyk Van Wageningen & Muller 1921:485). Daarom is en bly die Afrikaanse en Nederlandse vertaling van die titel as '*Institusie van die Christelike Godsdiens*' totaal onbevredigend. Dit moes veel eerder 'Onderrig in die Christelike Godsdiens' gewees het. Calvyn was 'n toegewyde student van die Bybel en die bedoeling van sy *Institusie* was om aan die leser 'n handleiding te gee van hoe die Bybel gelees en verstaan kan word (Neuser 2001:3). Dit het 'n raamwerk gebied om basiese teologiese vraagstukke te hanteer, maar gefokus op die interpretasie van die Skrif (Van't Spijker 1990:143).

Calvyn het by die eerste uitgawe van die *Institusie* 'n voorwoord ingesluit wat hy aan koning Frans I gerig het. Simpson (1984:xiii) meen dat die voorwoord tot die 1536 uitgawe van die *Institusie* 'n meesterlike stuk werk is, 'n toonbeeld van klassieke retoriek en apologetiek wat steun op Calvyn se omvattende kennis van die vroeë kerkvaders se geskrifte. Calvyn wou by die koning van Frankryk intree vir sy vervolgde landgenote en Franse Hervormers. Die voorwoord is met elke daaropvolgende uitgawe van die *Institusie* onveranderd gelaat en verskyn in elke uitgawe.

Watter invloede is daar in Calvyn se eerste uitgawe van die *Institusie* te bemerk? Alhoewel Calvyn nie dikwels na Luther verwys het nie, is sy 1536 uitgawe van die *Institusie* sonder twyfel formeel en inhoudelik deur Luther se *Kleiner Katechismus* en Melanchthon se *Loci Communes* beïnvloed (Ganoczy 2004:9–15; Simpson 1984:xiv). Lang (1913:106) is van mening dat Calvyn in die eerste uitgawe van die *Institusie* soos 'n '*oberdeutscher Lutheraner*' klink. Inteendeel, die eerste uitgawe van die *Institusie* gee eerder die indruk van 'n kategismus, omdat Calvyn opeenvolgend die *Tien Gebooie*, die *Twaalf Artikels* en die *Ons Vader* behandel – inhoude wat destyds algemeen in kategismusse ingesluit is (vergelyk ook in die verband die *Heidelbergse Kategismus*).

Daarbenewens is die invloed die kerkvaders, veral Augustinus en Chrysostomos opvallend (sien Lange van Ravenswaay 1990:62–67). Calvyn verwys ook na Tertullianus, Cyprianus, Origines, Eusebius, Ambrosius, Hieronymus en andere. Veral die invloed van die Pauliniese genadeleer, soos deur Augustinus verwoord, is opmerklik. As mens in gedagte hou dat Calvyn in die periode voor 1535 hom besig gehou het met Augustinus se *De Civitate Dei*, is dit vanselfsprekend dat hy dikwels na Augustinus verwys (Lange van Ravenswaay 1990:57). Die beroemde openingswoorde van die *Institusie* (OC IX Col. 27), *'Summa fere sacrae doctrinae duabus his partibus constat: Cognitione Dei ac nostri*' herinner aan Augustinus se beroemde woorde in sy *Confessiones*, te wete *noverrim me, noverrim te*. Die kennis van God en die kennis van onsself is onlosmaaklik verbind.

Sommige van die gedagtes wat in die 1536 *Institusie* verwoord is, kry ons ook in die voorwoord (Opera Calvini IX, Col. 799–822; Calvin ([1535] 1870) wat Calvyn in dieselfde tyd vir Olivétanus se Franse vertaling van die Bybel geskryf het. Die vertaling het in 1535 in Neuchâtel verskyn. Pierre Robert d'Oliviet (Olivétanus) was ook van Noyon afkomstig

en 'n neef van Calvyn (Neuser 2001:2). Olivétanus se vertaling was 'n substansiële verwerking van die vertaling van Jacques Lefevre d'Etaples wat in 1530 in Antwerpen verskyn het.

In sy voorwoord tot Olivétanus se Bybelvertaling vind ons teologiese begrippe en gedagtes wat ook in die 1536 *Institusie* na vore kom (Neuser 2001:3–4). Soos gepas sou wees in 'n voorwoord tot 'n uitgawe van die Bybel, gee Calvyn 'n oorsig van God se heilshandelinge sedert die skepping tot met die koms van Christus. Dit was bedoel om die leser van die Bybel in te lei tot 'n bepaalde verstaan van die Bybel, 'n soort riglyn om die Bybel sistematies te lees en te verstaan. Neuser (2001) verdeel die voorwoord se struktuur soos volg:

> Deel I. How our Lord Jesus Christ is the end (and fulfilment) of the law.
>
> Deel II. The sum total of all that one has to seek in the Holy Scripture.
>
> Deel III. Admonitions. (bl. 4–5)

Calvyn se voorwoord tot Olivétanus se Bybelvertaling is logies gestruktureer. Hy behandel die skepping, die wet en die profete en dan die koms van Christus. Daarna behandel hy belangrikste Nuwe Testamentiese begrippe. In die derde deel behandel Calvyn die praktiese implikasies daarvan vir die Christenmens. Calvyn se teologiese vertrekpunt is Christosentries. Wanneer ons die Bybel lees doen ons dit met een doel voor oë, om die Here Jesus te leer ken. Daarom begin hy die voorwoord met 'n baie spesifieke groet aan die lesers: 'Aan almal wat Jesus Christus en sy evangelie liefhet, groete' (OC IX Col. 791: '*A tous amateurs de Iesus Christ et de son evangile, salut.*' Die hart van Calvyn se argument kan saamgevat word in die volgende (sien OC IX, Col. 811):

> Or puys que vous avez entendu que L'évangile vous présente Iesus Christ auquel toutes les promesses et graces de Dieu sont accomplies, et vous declaire qu'il a esté envoyé du père, est descend en terre, a conversé avec les hommes, a parfaict tout ce qui estoit de nostre salut, comme il avoit esté predict en la loy et aux prophètes: Il vous doibt estre trescertain et manifeste que les thresors de paradis vous y sont ouverte, et les richesses de Dieu desployées, et la vie éternelle révélée. [*Dus, wanneer jy hoor dat die evangelie Jesus Christus is in wie al die beloftes van God vervul is; en wanneer verkondig word dat Hy deur die Vader gestuur is, dat Hy aarde toe gekom het om alles wat ons vir ons verlossing nodig het volmaak te openbaar, soos vooruit aangekondig in die Wet en Profete – dan moet dit vir jou (die Bybelleser) duidelik en seker wees dat die skatte van die Paradys deur die evangelie vir jou geopen word; dat die rykdom van God ten toon gestel word en dat die ewige lewe self (aan jou) geopenbaar is.*] (n.p., [*outeur se vertaling*])

Neuser (2001:13) kom tot die gevolgtrekking dat Calvyn nie probeer het om 'n *Heilsgeschichte*-skema te ontwikkel nie. Soortgelyk aan wat Paulus in sy preke en toesprake doen, probeer Calvyn die leser te oortuig dat God met die mens op pad is en dat God se handelinge die mens se redding en verlossing in die oog het. Sentraal in hierdie handelinge van God is die beweging vanaf Israel na die totale mensdom.

In die 1536 uitgawe van die *Institusie* herhaal Calvyn baie van die gedagtes wat hy in die 'Voorwoord' tot Olevitanus se Bybelvertaling aangebied het. Hy volg egter 'n ander struktuur: Hy begin met (1) uitleg van die Tien Gebooie, (2) uitleg van die Twaalf Artikels, (3) uitleg van die Here se gebed (Ons Vader), (4) die sakramente, en (5) Christelike vryheid en die verantwoordelikhede van die owerheid. Talle kategismusse wat in die tyd ontstaan het, het dieselfde struktuur gevolg. Dit is dus uit die struktuur reeds duidelik dat Calvyn se motief met die opstel van die *Institusie* kategeties van aard was, ter opvoeding van die elke gelowige. Die *Institusie* was 'n opvoeding of onderrig in die ware Christelike leer. Alhoewel Calvyn die *Institusie* oor tyd heen viervoudig uitgebrei het, was sy basiese motief steeds dieselfde: Dit moes gelowiges help om die evangelie beter te verstaan en die Bybel met groter insig te lees.

Slotwoord

Dit bly merkwaardig dat Calvyn reeds as jong man omvangryke teologiese werke kon publiseer. Sy vroeë werk vertoon 'n bepaalde groei in volwassenheid, goeie teologiese insig sowel as 'n sensitiwiteit vir sosiopolitieke vraagstukke. Sy publikasies word gekenmerk deur 'n diep gewortelde spiritualiteit waarin Christus sentraal staan. Uiteindelik gaan dit vir hom om een saak: Om Christus werklik te ken. In Christus het God die rykdom van sy genade aan ons geskenk.

Cottret (2000:111) kom tot die gevolgtrekking dat die jeugdige Calvyn oor 'n verbasende kennis van die kerkvaders en taalvaardigheid beskik het. Die jare van toegewyde studie het resultate gelewer. Maar meer as dit: Calvyn het met 'n '*profundis original*' teologie vorendag gekom wat hy met die verloop van tyd verder uitgebou het. Calvyn het nie bloot Luther nagepraat nie, maar die Bybelse beginsels op 'n unieke en oorspronklike wyse vir sy lesers aangebied. Die publikasie van die 1536 *Institusie* was 'n liminale gebeure vir Calvyn. Dit was die historiese breuklyn waar hy 'n onsekere en jeugdige ingesteldheid agtergelaat het en vir die evangeliese Christene van sy tyd, wat soekend was na 'n goed geformuleerde uiteensetting van die Christelike geloof (McGrath 2007:76), 'n grondige uiteensetting van die grondbeginsels van die Christelike geloof kon gee. Daarmee het hy homself gevestig as die leier in die Switserse en Franse Kerkhervorming.

Opsomming: Hoofstuk 3

Gedurende 2017 herdenk Lutherse en Calvinistiese kerke die Kerkhervorming wat 500 jaar gelede plaasgevind het. Hierdie hoofstuk fokus op Johannes Calvyn se eerste publikasies, dit wil sê publikasies wat verskyn het voordat hy met sy bediening in Genève begin het. Die fokus val op die drie belangrikste publikasies in hierdie periode, te wete sy

'Kommentaar op Seneca se *De Clementia*', die '*De Psychopannychia*' en die eerste uitgawe van sy '*Christianae Religionis Institutio*'. In hierdie eerste drie publikasies is 'n jeugdige Calvyn aan die woord. Ten spyte daarvan is die publikasies omvangryk en is dit duidelik dat Calvyn vroeg in sy lewe oor omvangryke kennis en insig beskik het. Die vroegste publikasies word somtyds as van minder belang geag. In hierdie bydrae word die stelling gemaak dat die publikasies van groot belang is omdat Calvyn talle van die gedagtes wat later in sy werke na vore kom, reeds in sy vroeë werke aan die orde gestel het.

Hoofstuk 3

Allen, J.W., 1961, *A history of political thought in the sixteenth century*, Methuen, London.

Backus, I., 2003, 'Calvin's concept of natural and Roman Law', *Calvin Theological Journal* 38, 7–26.

Balke, W., 1977, *Calvijn en de doperse radicale*, Ton Bolland, Amsterdam.

Balserak, J., 2013, 'Examining the myth of Calvin as a lover of order', in P. Opitz (ed.), *The myth of the Reformation*, pp. 160–175, Vandenhoeck & Ruprecht, Göttingen.

Blacketer, R.A., 2009, 'Commentaries and prefaces', in H.J. Selderhuis (ed.), *The Calvin handbook*, pp. 181–192, Wm. B. Eerdmans, Grand Rapids, MI.

Calvin, J., [1557] 1845, *Commentary on the Book of Psalms*, vol. 1, transl. J. Anderson, viewed 10 June 2016, from http://www.ccel.org/ccel/calvin/calcom08.titlepage.html

Calvin, J., [1536] 1863, 'Christianae Religionis Institutio etc.', in G. Baum, E. Cunitz, & E. Reuss (eds.), *Ioannis Calvini opera quae supersunt omnia,* volumen I, C.A. Schwetsschke et Filium, Brunsvigae.

Calvin, J. [1532] 1866a, 'L. Annei Senecae Romani Senatoris ac Philosophi Clarissimi, Libro duo De Clementia, ad Neronem Caesarem: Io. Calvini Noviodunaei Commentariis Illustrati', in G. Baum, E. Cunitz, & E. Reuss (eds.), *Ioannis Calvini opera quae supersunt omnia,* volumen V, pp. 1–162, C.A. Schwetsschke et Filium, Brunsvigae.

Calvin, J., [1534] 1866b, 'Vivere apud Christum non dormire animis sanctos qui in fide Christi decedunt, quae vulgo Psychopannychia dicitur', in G. Baum, E. Cunitz & E. Reuss (eds.), *Joannis Calvini opera quae supersunt omnia,* vol. V, pp. 166–232, C.A. Schwetsschke et Filium, Brunsvigae.

Calvin, J., [1535] 1870, 'L. Praefatio', in G. Baum, E. Cunitz & E. Reuss (eds.), *Ioannis Calvini opera quae supersunt omnia,* vol. IX, C.A. Schwetsschke et Filium, Brunsvigae.

Cottret, B., 2000, *Calvin. A biography*, transl. M.W. McDonald, William B. Eerdmans, Grand Rapids, MI.

Dankbaar, W.F., 1957, *Calvijn – Zijn weg en werk*, GF Callenbach N.V., Nijkerk.

Ganoczy, A., 1966, *Le jeune Calvin. Genèse et évolution de sa vocation réformatrice*, Franz Steiner Verlag, Wiesbaden.

Ganoczy, A., 2004, 'Calvin's life', in D. McKim (ed.), *The Cambridge companion to John Calvin*, pp. 3–24, Cambridge University Press, Cambridge.

Hugo, A.M., 1957, *Calvijn en Seneca. Een Inleidende studie van Calvijns Commentaar op Seneca, De Clementia, anno 1532*, J.B. Wolters, Groningen-Djakarta.

Lang, A., 1913, *Zwingli und Calvin*, Leipzig, Bielefeld.

Lange van Ravenswaay, J.M.J., 1990, *Augustinus totus noster. Das Augustinverständnis bei Johannes Calvin*, Vandenhoeck & Ruprecht, Göttingen.

Lee, H.B., 2004, 'Calvin's sudden conversion (subita conversio) and its historical meaning', *Acta Theologica, Supplementum* 5, 103–116.

McGrath, A., 2007, *A life of John Calvin*, Blackwell, Oxford.

Millet, O., 2011, 'Calvin's self-awareness as author', in I. Backus & P. Benedict (eds.), *John Calvin and his influence 1509–2009*, transl. S. Gebhardt, pp. 84 –101, Oxford University Press, New York.

Neuser, W.H., 2001, 'The first outline of Calvin's theology – The preface to the New Testament in the Olivétan Bible of 1535', *Koers* 66 (1&2), 1–22.

Simpson, H.W., 1984, 'Voorwoord', in J. Calvin, *Institusie van die Christelike Godsdiens*, vert. H.W. Simpson, pp. v–xxiii, Calvyn Jubileum Boekefonds, Potchefstroom. http://www.cjbf.co.za/boeke/1536Institusie.pdf

Tavard, G.H., 2000, *The starting point of Calvin's theology*, Wm. B Eerdmans, Grand Rapids, MI.

Van Eck, J., 1992, *God, mens, medemens. Humanitas in de theologie van Calvijn*, Uitgeverij Van Wijnen, Franeker.

Van't Spijker, W., 1990, 'De kerk bij Calvijn: Theocratie', in W. Van't Spijker (red.), *De Kerk. Wezen, weg en werk van de kerk naar reformatorische opvatting*, pp. 143–162, Uitgeverij De Groot Goudriaan, Kampen.

Van Wageningen, J. & Muller, F., 1921, *Latijnsch Woordenboek*, J.B. Wolters, Groningen.

Wendel, F., 1978, *Calvin–The origins and development of his religious thought*, transl. P. Mairet, William Collins Sons, London.